

Vrydag 10 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 21 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 20:8; Psalm 21:8

Vertrou net op die Here

As die nood dreig of krisisse jou tref, as terugslae op jou pad kom of ernstige probleme opduik, as ons na ons land kyk en alles wat rondom ons gebeur: waarop of op wie plaas jy jou vertrou? *Na wie of wat kyk jy vir hulp?*

Dikwels struikel en val mense of word hulle ontnugter en teleurgestel omdat hulle hul vertrou op die verkeerde goed gestel het. Hierteenoor is dit in Psalm 21 geen geheim op Wie die Psalmdigter sy vertrou gestel het toe 'n geweldige krisis sy lewe bedreig het nie: *“Die koning vertrou op die Here ...”* (vs 8). Iets hiervan het ons ook in gister se Psalm raakgelees: *“Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar ons, ons vertrou op die Naam van die Here ons God ...”* (Ps. 20:8).

Volgens verklaarders bestaan daar 'n noue band tussen Psalm 20 en Psalm 21. Al twee hou verband met oorlogstyd. Psalm 20 is 'n gebed vir die koning wat met sy soldate uitgetrek het om te gaan oorlog maak: dat die Here aan hom die oorwinning sal gee. Psalm 21 is 'n danklied na afloop van die veldslag waarin die Here gedank word vir die oorwinning wat Hy aan die koning gegee het (vs 2-8) en dat Hy die Een was wat die koning se vyande vernietig het (vs 9-13). Wat dus van hierdie Psalm uitstaan, is die feit dat die fokus nie val op die koning wat met eie vernuf, mag, krag of goeie wapentuig die oorwinning behaal het nie. Hy't sy vertrou in die Here gestel en die Here het aan hom die oorwinning gegee. Hierin sien ons dat die Here getrou is aan die wat met hulle hele hart op Hom vertrou. Deur die hele Bybel, maar veral in Christus, sien ons hoe God die waarmaker van sy beloftes is.

Hiermee bring Psalm 21 'n mens tot diep nadenke, want die kind van die Here is nie krisisse gevrywaar nie: hy/sy word ook siek, hy/sy word soms swaar versoek en beproef, hy/sy moet soms moeilike keuses en besluite maak sonder om die afloop daarvan te weet, hy/sy se sommetjies wil ook nie altyd klop nie. Die vraag is net in tye soos die: *Op wie plaas jy jou vertrou? Na wie kyk jy om vir jou die uitkoms te bring?*

Mag die Here, deur sy Gees, ons daartoe help om altyd ons vertrou in die Here te stel. En wanneer Hy die uitkoms gee, mag ons sy hand daarin raaksien en Hom elke keer daarvoor dank.

Sing: Psalm 146-1:2, 3

Ds. PC van Rooy (Nelius) (Elandskraal)